| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA&R 172/03**
Datum verhoor: / Date heard: **19/08/2004**
Datum gelewer: / Date delivered: **19/08/2004**

In die saak van:

**PLAAT, TOMMY** Appellant

en

**DIE STAAT** **Respondent**

*Coram: Lacock R et Musi WnR*

---

**UITSPRAAK**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant is te Hopetown in die Streekhof, Afdeling Noord-Kaap, skuldig bevind aan verkragting deurdat hy na bewering ene Landipho Sikonyela, ‘n 16-jarige dogter, gedurende die vroeë oggendure van 8 September 2003, verkrag het, en is hy gevonnis tot twaalf jaar gevangenisstraf.

[11] Hy kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en

vonnis hom opgelÍ.

2] Tydens die verhoor was die appellant regsverteenwoordig. Hy het onskuldig gepleit en het sy regsverteenwoordiger ‘n skriftelike pleitverduideliking aan die Hof voorgehou. Daarvolgens sou die appellant die klaagster vroeër daardie tersaaklike aand ontmoet het en het hulle afgespreek om mekaar later weer te sien. Later daardie nag het die appellant en die klaagster weer ontmoet. Sy het agter ene Jerome gestap, en hy kon sien dat haar klere vol stof was en dat daar rolbos blare in haar hare was. Die twee van hulle het mekaar by ‘n draad gesoen en het hy die klaagster gevra vir seks. Sy sou ingestem het, waarop hy sy klere op die grond gegooi het, sy haar klere uitgetrek het en hulle gemeenskap gehad het. Hierna het hy haar na haar huis geneem. Op pad na haar huis sou die appellant haar gemaan het om nie met Jerome, ‘n getroude man, seks te hÍ nie, en ook gedreig om Jerome se vrou daarvan te vertel. Hierop sou die klaagster haar vervies het, en het hy haar by haar huis gelaat nadat sy hom weer gesoen het.

3] Die klaagster het getuig dat sy die appellant slegs by een geleentheid daardie nag ontmoet het, en dit was toe hy haar verkrag het. Sy het beweer dat sy alleen vanaf ‘n taverne na haar huis gestap het. Op pad het sy die appellant teëgekom wat haar vir seks gevra het. Toe sy weier, het hy haar deur

die gesig geklap, met ‘n klip agter haar rug gekap, haar met ‘n mes gedreig en haar op sy klere wat hy op die grond gegooi het, neergegooi, haar klere afgetrek en teen haar wil en terwyl sy seergekry en gehuil het, met haar gemeenskap gehou.

Sy het ontken dat sy te enige tyd daardie nag saam met Jerome was of met hom gemeenskap gehad het. Voorts ontken sy dat sy toegestem het om met die appellant gemeenskap te hou.

Sy getuig verder dat die appellant haar huis toe geneem het, en dat – net toe die appellant weg is – sy die polisie geskakel het en meegedeel het dat sy pas verkrag is.

4] Die appellant het in sy eie verdediging getuig en in wese stem sy getuienis ooreen met die inhoud van sy pleitverduideliking.

5] Adv Jansen, namens die Staat, het skriftelike betoogshoofde by ons ingedien, waarvoor ons haar dank verskuldig is en vra sy dan ook dat die appél van die hand gewys sal word.

Die appellant het vandag ‘n skriftelike betoog aan ons voorgehou wat ontvang is as BEWYSSTUK A en wat in wese ‘n herhaling is van sy getuienis wat hy in die Verhoorhof aangevoer het. Hy vra dan vandag dat ons sal bevind dat die klaagster inderwaarheid verkrag was deur die getuie Jerome

en dat sy daarna vrywilliglik met hom gemeenskap gehou het. Voort voer die appellant aan dat sy vonnis hom opgelÍ buitensporig swaar is en versoek dat indien sy appél op die skuldigbevinding nie slaag nie, die Hof sal inmeng met die vonnis hom opgelÍ.

6] Die Landdros het die getuienis van die appellant as nie redelik moontlik waar nie, verwerp, en die getuienis van die staatsgetuies aanvaar. Na my mening was die Landdros korrek, en is die appellant korrek skuldig bevind.

[51] Die weergawe van die klaagster naamlik dat sy aangerand en verkrag is, is deur die mediese getuienis van die getuie Dr Vermeulen gestaaf. Hy het ‘n kneusing op die linker lumbale gebied van die klaagster gevind (waar sy beweer die klip haar getref het); ‘n swelling aan haar linker wang en temporale area (waar sy beweer het die appellant haar geklap het); en skeurtjies aan haar fosenavikularis wat volgens hom onteenseglik daarop dui dat sy verkrag is.

[52] Die klaagster is ook gestaaf deur die getuie Jerome wat getuig het dat hy nooit daardie aand of nag in die geselskap van die klaagster was nie.

[53] Die weergawe van die appellant is in die volgende

opsigte onwaarskynlik:

[5.31] Indien die klaagster deur Jerome verkrag sou gewees het – soos voorgehou deur die appellant – vind ek dit totaal onwaarskynlik dat sy oomblikke daarna sou toestem tot vrywillige seks met die appellant.

[5.32] Indien sy vrywillig gemeenskap met die appellant sou gehad het, vind ek haar handelinge daarna naamlik dat sy die polisie in ‘n ontstelde en huilende toestand (soos deur die polisiebeampte getuig) sou skakel en meedeel dat sy verkrag is, en dit nog voordat sy die voorval aan haar huismense rapporteer het.

[5.33] Indien die appellant en die klaagster vrywillige gemeenskap sou gehou het en die appellant, soos hy getuig het, lief was vir die klaagster en met haar ‘n liefdesverhouding wou aanknoop, vind ek dit onwaarskynlik dat hy gedreig het om Jerome se vrou mee te deel dat sy seks met Jerome sou gehad het. Dit sou haar ooglopend in ’n onhoudbare situasie geplaas het, en is myns insiens onversoenbaar met die optrede van ‘n man wat beweer hy is lief vir die

klaagster.

[54] Laastens: die appellant het geensins gepoog om óf die beserings aan die gesig en rug van die klaagster te verduidelik óf beweer dat sy reeds aldus beseer was voordat hulle gemeenskap gehad het nie.

7] Uit hoofde van die voorgaande kan die appél teen skuldbevinding nie slaag nie.

8] Wat vonnis aanbetref, is dit geykte reg dat 'n Hof van Appél nie ligtelik sal inmeng met die diskresie van die Verhoorhof daaraangaande nie, tensy die Verhoorhof homself wanvoorgelig het of indien gesÍ kan word dat die vonnis sodanig onvanpas is dat geen redelike Hof so 'n vonnis sou oplÍ nie. Sien **S v M 1982 (1) SA 589 (A) te 592 G**.

[71] Daar is geen sprake daarvan dat die Landdros homself wanvoorgelig het of andersinds 'n mistasting begaan het nie.

[72] Dit kan myns insiens ook nie gesÍ word dat die vonnis die appellant opgelÍ, skokkend onvanpas was nie. Trouens, ek is van mening dat, indien hierdie saak in die eerste instansie voor my sou gedien het, ek waarskynlik die appellant minstens dieselfde en beslis

nie ‘n ligter vonnis nie dan dié opgelÍ deur die Verhoorhof, sou opgelÍ het.

Die Landdros was duidelik korrek deur as verswarend in ag te neem dat die klaagster slegs sestien jaar oud was, en dat die appellant haar tot oorgawe gedwing het deur die toepassing van geweld. Daarbenewens het hy haar ook nog met ‘n mes gedreig.

9] Bygevolg word die volgende bevel verleen:

**DIE APPÉL WORD VAN DIE HAND GEWYS.**

____________________

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

____________________

***CJ Musi***
**WAARNEMENDE REGTER**

*Namens appellant:* In persoon

*Namens respondent:* Adv CG Jansen